

**God praat – leef luisterryk
vir vergaderings**

*Handleiding vir gemeenteleiers
op soek na God se agenda vir gemeentes*

Frederick Marais

Bybelkor is 'n afdeling van Bybel-Media

Outeursreg © 2007

Bybelkor, Posbus 5, Wellington 7654

Tel 021 864 8200

www.bmedia.co.za

Alle regte voorbehou

Tensy anders aangedui, is alle Bybeltekste wat in hierdie publikasie aangehaal word, geneem uit die 1983-vertaling met herformulerings van die Bybel in Afrikaans.

Kopiereg © 1983 Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Met toestemming

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag op enige manier sonder die skriftelike verloop van die uitgewer gereproduseer word nie.

Ontwerp en geset deur Herman Dorfling

Omslagontwerp en illustrasies deur Nico Simpson

Gedruk en gebind deur

Handisa Media

Blignautstraat 39

Hilton

Bloemfontein

9301

Eerste uitgawe, eerste druk 2007

ISBN-10: 086 487 462 6

ISBN-13: 978 086 487 462 7

*Opgedra aan Stefan Louw –
'n leraar wat die kuns van 'n luisterryke
lewe bemeester het.*



Inhoud

'n Woord vooraf

'n Woord van dankie

Deel 1: Inleidend

Die geboorte van die eerste gemeente: Handelinge 4 – 15 Gespreksvrae

Deel 2: Agtergrondkennis en die gebruik van die luistersiklus

Hoofstuk 1: God praat ... in die eerste persoon

1. Eerste ontdekking: *Tōrā* ... God praat
2. Tweede ontdekking: *Nevi`im* ... God neem inisiatief
3. Derde ontdekking: *Ketûvîm* ... God gee sy wysheid in geloofsonderskeiding
4. Wat beteken “geloofsonderskeiding”?

Hoofstuk 2: Die gebruik van die luistersiklus in vergaderings

1. Praktiese voorstelle vir en vrae oor die gebruik van die luistersiklus in vergaderings

Deel 3: Die luistersiklus

Hoofstuk 3: Eerste beweging – rus

- Stasie 1: Ingenooi deur God om tot rus te kom ... in
gemeenskap met mekaar
- Stasie 2: Ingaan in God se tyd

Hoofstuk 4: Tweede beweging – hoor

Stasie 3: Luister na God se Woord

Stasie 4: Luister na mekaar

Stasie 5: Luister na ander en die tye

Stasie 6: Luister weer na God se Woord, en word bewus van die werking van die Gees

Hoofstuk 5: Derde beweging – leef

Stasie 7: Fokus op wat God nou doen: die uitdaging van verantwoordelike leierskap

Stasie 8: Antwoord met ons lewe

Deel 4: Hulpmiddels

Hulpmiddels vir gemeenteleiers

1. Boeke
2. *Lectio Divina*
3. Groepliturgie 1: *Agape-1* maaltyd
4. Groepliturgie 2: Hoop

Bronnelys



Die geboorte van
die eerste
gemeente:
Handelinge 4-15

van die diaken in Jerusalem
aan sy vriende.

Petrus en Johannes was nog besig om met die mense te praat toe die priesters, die bevelvoerder van die tempelwag en die Sadduseërs op hulle afstorm.

Dit was in die tyd toe ons beweging nog baie jonk was, byna asof ons nog nie gebore was nie. Ons het nog nie eintlik geweet dat ons 'n beweging is nie. Dit was die deurmekaar tye van die eerste eeu. Ons was platgeslaan deur Jesus se vinnige vertrek. Jy sien, ons het geglo Hy sou vir ons die weg wys ... en toe is Hy weg.

Ons het die eerste paar keer maar in die geheim bymekaargekom. Alles was so deurmekaar; niks het sin gemaak nie. Sommige het gesê hulle het Hom weer gesien, maar almal het eintlik

deurmekaar gepraat en gedoen. Dit was asof ons in 'n waas geleef het, soos wanneer 'n mens in 'n maalstroom is, wanneer iets jou meevoer van een onverwagse wending na 'n volgende. Eers was dit sy dood, vreeslik en skandelik. Toe sy graf, die stories oor die diefstal van sy liggaam, vroue en dissipels wat vertel hulle het Hom weer gesien, stories van 'n vaart op die wolke, sommer net so die lug in ... en toe daardie dag met die winde, die tonge vuur en die tale - en Petrus (bid jou dit aan!) wat 'n toespraak maak.

Ek weet nie hoe dit gekom het nie, maar ek is toe aangewys as een van die gemeentelidmate. Voor ek my kom kry, moes ons besluite neem. Op grond waarvan? vra ek jou. Ons het nie 'n grondwet gehad nie - net verhale om te vertel het. En die herinneringe en die verhale het nie almal ooreengestem nie. Julle weet hoe dit is: Sommige mense onthou die detail, ander die geheel - en dan stry hulle oor wie reg is en wie verkeerd. Ek het maar meestal geluister wanneer hulle die verhale vertel het. Dit was asof hulle nie genoeg kon vertel nie, amper asof hulle bang was hulle sou dit vergeet. Aan almal wat wou luister, het hulle die verhale oor Hom vertel, elke dag, oor en oor.

Die mense wou graag luister.

As ek nou terugdink, moet ons toe al geweet het hier kom 'n ding, maar ons was so ingesuijg in die beweging van alles, so asof iets groters ons meegesleur het.

Die mense het bly kom, van daardie dag af dat Petrus die toespraak gemaak het. Elke dag het meer van hulle gekom. 'n Mens sou dink die mense in die stad sou bang wees vir hierdie nuwigheid, maar, nee, dit was asof hulle nie genoeg van die verhale kon kry nie.

Julle weet mos hoe groei is. Dit is 'n snaakse ding. Hoe meer ons geword het, hoe groter was ons probleme. Ons eerste groot uitdaging was die vraag of ons moes voortgaan om te preek. Dit mag nou vir julle snaaks klink, maar vir ons was dit nie so vanselfsprekend nie. Onthou, Petrus en Johannes is gevange geneem juis omdat hulle gepreek het (Hand 4:3, 17-18). Ons het vir ons lewe gevrees (Hand 4:23-31). Sommige van ons het gevoel Petrus en Johannes was, kom ons sê, 'n bietjie oormoedig om die gesag van die Joodse Raad so uit te daag. Ons het uit radeloosheid gebid. Ons het ons hart voor die Here uitgestort in 'n belydenis van wie Hy vir ons is, maar ons het ook ons kommer oor die bedreiging wat ons envaar voor Hom neergelê.

Toe Petrus en Johannes by ons kom om hulle verhaal aan ons te vertel, was ons verslae. Is dit nou die begin van die einde? het ek

gewonder. Is die wittebrood nou verby? Spontaan het mense begin bid. Die bedreiging het gemaak dat ons uit óns Skrifte met die Here gepraat het; dit was amper asof ons self Psalm 2 nou vir die eerste keer verstaan het: "Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle" (v 4). Dit het ons moed gegee om vrymoedig met God te praat. Hy is immers die Een wat heers oor die aardse heersers, soos Dawid dit ook verstaan het. Gebed, het ons geleer, verander in die eerste plek nie ander mense nie, maar jouself. Ons het 'n bonatuurlike ervaring van die teenwoordigheid van die Gees gehad. Niemand kon dit ontken nie.

Julle weet, die interessante was dat ons daarna nie 'n besluit hoefte geneem het nie. Ons het eenvoudig met groter vrymoedigheid as ooit tevore die Woord van God verkondig (Hand 4:31), en die sêen van die Here was op ons soos nog nooit vantevore nie.

Julle vra wat ons gemeentelêers gedoen het om die situasie te besleg? Wel, ek weet nie, ons het maar net gebid - wel in groot afhanklikheid! En ja, hulle het weer probeer om ons te verhoed om ons boodskap te verkondig (Hand 5:17 ev). Maar dit is werklik nie nou belangrik nie. Ons was so oortuig van God se heerskappy in hierdie situasie dat ons eintlik voor die tyd al geweet het (kom ons sê liever, geglo het):

Ons moet net gehoorsaam wees. Die Here sou sorg – en Hy het.

Ons tweede groot uitdaging was 'n netelige situasie. Julle sien, ons het in die stad bekend geword vir ons sorg vir die weduwees en die wese (Hand 6:1-7). Buiten ons vrymoedige verkondiging van die Woord was dié hulp éintlik die uitstaande kenmerk wat ons anders gemaak het as die res van die gemeenskap. Dit was veral die randfigure, die vroue en weeskinders wat by ons kom skuiling soek het. Dit het 'n groot "las" op ons geplaas. Ons moes vir hulle sorg. Julle sou praat van 'n bestuurs- of 'n logistieke probleem, maar dit was nie dit nie. Die probleem het dieper gelê. Ons het weliswaar niemand weggejaag nie, maar éers die Hebreussprekende weduwees gehelp, julle weet, óns mense. Daarná, as ons kon, het ons ook die Griekssprekende weduwees gehelp.

Dit is soos dit was, en ek het nie 'n probleem daarmee gehad nie. "Charity begins at home," sê hulle. Die Grieke het toe, soos hulle maar altyd maak, daaroor gekla. Ek het by myself gedink: "Heidene, wat het julle dan nou éintlik verwag? Julle kan bly wees ons probeer darem nog!"

Die apostels het egter baie sterk leiding in die situasie geneem. Julle sien, die feit dat ons die diakens aangewys het, was nie die éintlike

storie nie. Dit was die eerste keer dat die apostels so sterk leiding geneem het, en tot my verbasing is dit met goedkeuring aanvaar (Hand 6:5). Ons het begin verstaan dat daar onder ons mense is met die gawe om in moeilike situasies te kan onderskei waarop dit werklik aankom, en ons het hulle leierskap as 'n gawe van die Gees aanvaar en gevolg. Ons het die wysheid, maar ook die geregtigheid in dit wat hulle voorgestel het, ingesien en dit aanvaar. Ons almal het immers nie hierdie gawe van onderskeiding nie. Paulus het later in sy briewe aan die jong gemeentes heelwat hieroor uitgebrei (1 Kor 12). Ek het dié dag geleer dat die probleem partykeer eerder is wie moet onderskei, as wááror ons moet onderskei.

Ons derde uitdaging het uit 'n onverwagse hoek gekom (Hand 9:26-30). Saulus, daardie man wat alles in sy vermoë gedoen het om ons tot 'n val te bring, het skynbaar 'n bekering op pad na Damaskus ondergaan. Moet my nie so gou veroordeel nie: Ek was nie daar nie, en daar was allerlei gerugte wat die rondte gedoen het. Ek dink julle ken dié verhaal. Maar julle moet nou mooi verstaan: Dit is een ding om te sorg vir die weduwees, ja, selfs vir die Griekse weduwees, maar 'n "bekeerde" Saulus was 'n heeltemal ander saak! Ek het in werklikheid onmiddellik gedink dis 'n lokval.

Dink mooi: Ons het 'n geweldige

probleem vir die Joodse Raad geword. Hulle kon ons nie keer om ons boodskap te verkondig nie! Hulle kon dit egter polities nie bekostig om ons aan te raak nie; te veel mense was ons goedgesind. Daarom, het ek gedink, beraam hulle nou 'n ander strategie – om ons van binne af te infiltreer. Dit kon ons einde beteken.

Ek was bang dat almal nie deur die plan sou sien nie, en ek het heftig beswaar gemaak teen enige poging om Saulus by die volgelinge van Jesus te laat aansluit. Barnabas het anders hieroor gedink; hy het hom oor Saulus ontferm, en aan die apostels die volle getuïenis van sy bekering oorgedra en vertel van sy ywer vir die evangelie. Toe ons daarna sien dat Saulus met dieselfde ywer – hy was regtig nie 'n jansalie nie! – vir die evangelie stry as waarmee hy vantevore teen ons geveg het, kon ons nie anders nie as om hom met ope arms in ons geleedere in te neem. Ons het hom op sy Latynse naam aangespreek – Paulus (Hand 13:9), en hom onder ons beskerming geneem toe sy lewe bedreig is.

Kyk, 'n mens is mos maar geneig om eerste aan jouself te dink. Dan sien jy eintlik net die bedreiging in enige nuwe situasie raak, veral as daar voorheen 'n breuk van vertroue was, soos met Saulus. Maar ek moes leer dat 'n mens soms 'n besluit moet neem

op grond van die getuïenis van 'n betroubare persoon. Die Gees het dit definitief in hierdie geval gebruik. Ek het geleer dat 'n mens mooi moet luister na die getuïenisse van mense, na die stories wat hulle vertel oor wat God aan die doen is. Jy, as 'n gemeentelieder, kan nie eintlik besluite neem daarsonder nie. En weet julle wat? Die getuïenisse sal altyd verrassend, selfs ongemaklik, wees!

Ek is seker daar is "Saulusse" by julle in wie se hart die Here werk. Ek wonder wat julle met hulle maak. Ek wonder sommer net of hulle darem êrens 'n spreekbeurt kry ...

Weet julle waaroor kry ek nagmerries? Oor hoe amper ons Saulus nie toegelaat het om deel van ons te word nie. As dit nie vir die getuïenis van een mens was nie, het ons sowaar nie! Ek meen, vandag kan julle nie eens dink aan die kerk en die Bybel sonder om dadelik aan Paulus te dink nie. Dit laat my elke keer opnuut besef: Ek moet dieper luister na die getuïenisse en verhale van mense wat in die buitekering van die gemeente staan. Dit mag net wees dat daar 'n Saulus onder hulle is.

Ná 'n tyd van rus het ons grootste uitdaging gekom ... Dit alles het begin met 'n droom. Of, nee, laat ek eerder eerlik wees: met 'n lastige bekering, die bekering van Kornelius – volgens berigte 'n godsdienstige man en 'n kaptein

in die Italiaanse regiment. Wel, die probleem was natuurlik nie sy bekering nie! Wie kan nou teen 'n bekering wees, al is dit soms lastig as dit nie inpas in jou raamwerk nie? Eintlik was dit die onbesonne ding wat Petrus gaan staan en doen het deur hierdie man, wat natuurlik nie 'n Jood was nie, saam met sy hele familie te doop (Hand 10:48). Dit het soos 'n skokgolf deur ons as brose beweging dissipels versprei.

Ons weet mos Petrus is soms baie naïef. Wel, hierdie keer het hy sommer net moeilikheid gemaak. Hoewel ons goed was vir alle mense, soos julle opgemerk het in ons versorging van ook die Griekse weduwees, was ons almal tot in daardie stadium Joodse Christene. Jy kan maar sê ons as dissipels van Jesus Christus was 'n Joodse beweging, en ons was van plan om dit te bly.

Maar laat ek by die begin begin. Petrus was in Joppe teen die kus, noordwes van Jerusalem. Julle ken die storie van 'n man se hart wat deur sy maag loop? Petrus het gaan rus op die dakstoep terwyl hulle in die huis die middagete voorberei het. Hy het so 'n bietjie ingesluimer en die geure van die kos het hom natuurlik oor kos laat droom. Hy droom toe dat die Here 'n groot doek laat sak met al die rein en onrein diere van die aarde daarop. Die Here beveel hom toe in sy droom om te slag en te eet. Soos 'n goeie Jood, het

Petrus beswaar gemaak en gesê dat hy nog nooit onrein diere geëet het nie. Drie keer het dit gebeur, en elke keer het die stem van die Here na hom toe gekom en sê: "Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie" (Hand 10:15).

Petrus het skaars opgestaan ná sy slapie, toe is die diensknegte van Kornelius by die deur met 'n versoek dat Petrus na Kornelius in Sesarea toe moet gaan. Petrus vertel dat hy, nog vóór hulle by die deur was, van die Gees 'n gesig gekry het dat daar drie manne na hom toe op pad was en dat hy hulle moes ontvang en saam met hulle na Sesarea, verder noord teen die kus op, moes gaan.

Ek vertel die verhaal liever in detail, want ek wil nie hê daar moet enige verwarring onder julle wees nie. Die detail hier is belangrik.

Die manne van Sesarea was ook nie Jode nie. Ons was dus nie veronderstel om hulle te ontvang soos Petrus gedoen het nie, en boonop saam met hulle te eet nie. Dit kon 'n mens se reputasie as 'n gehoorsame Jood onberekenbare skade berokken — nee, eintlik onherstelbare skade, want as jy eers onrein is deur sulke dinge aan te vang, soos Petrus hier, herstel jy nie sommer jou geloofwaardigheid in ons gemeenskap nie. Dit is daarom dat Petrus, elke keer wanneer hy die verhaal vertel het, seker gemaak het dat ons goed verstaan dat die Gees eintlik die hele situasie in elke

besonderheid voorberei het. Gaan lees gerus weer Handeling 10.

Wel, Petrus is toe daar weg saam met die gestuurdes van Kornelius. Toe hulle ná 'n dag in Sesarea aankom, het Kornelius hulle ingewag. Wat toe gevolg het, só sou ons almal eers later besef, sou die toekoms van ons beweging vir altyd verander.

Petrus het begin om aan Kornelius en kie, natuurlik almal uit die heidendom, te vertel dat die gebeure van die afgelope paar dae vir hom 'n verklaring is van die droom wat hy gehad het, naamlik dat God nie onderskeid maak tussen mense nie, maar uit alle volke mense vir Hom aanneem (Hand 10:34-35). Hy lê toe die hele verhaal van Johannes die Doper en die res van die evangelie vir hulle uit. Terwyl hy nog praat, het die Gees oor hulle gekom – nie net oor die Jode wat saam met Petrus daarheen gegaan het nie, maar ook oor die heidene wat daar was. Die Jode kon hulle oë nie glo dat die Gees ook op heidene neergedaal het nie. En toe doen Petrus dit sommer net daar: Hy doop die heidene!

Wel, wat kan 'n mens nou verwag? Petrus is skynbaar die soort mens wat eers doen en dan toestemming (of verskoning!) vra. Nog voordat hy in Jerusalem aangekom het, het almal al hierdie verhaal gehoor. En hulle het hom nie gespaar nie! “Hoe kon jy?” wou hulle weet. “Hoe kon jy eet en bly

by mense wat nie besny is nie?” Ensovoorts. Dit was soos 'n stroom wat ons meegesleur het. Aan die een kant was daar dié wat baie sterk gevoel het hier moet 'n streep getrek word. Ons beweging is 'n Joodse beweging. Aan die ander kant was daar dié wat vir Petrus ondersteun het. Om eerlik te wees: Petrus se ondersteuners het maar min grond gehad om op te staan, net 'n droom! Dit het nie goed afgegaan nie... veral nie by ons lede wat vroeër Fariseërs was nie. Hulle het gevoel Petrus was doodgewoon onverantwoordelik.

Om 'n lang storie kort te maak: Dieselfde gebeur toe in Antiogië. Daar is vertel dat heidene ook dáár tot bekering gekom het (Hand 11:19 ev). Ja, julle moenie verbaas wees dat ek van plekke soos Antiogië en ander plekke in Klein-Asië vertel nie. Ná die dood van Stefanus het die vervolging in Jerusalem onhoudbaar geword en baie gelowiges het gevlug. Só is die evangelie oor 'n baie wye gebied versprei.

Dit is ook in hierdie tyd dat die eerste sendingreis van Barnabas en Saulus plaasgevind het (Hand 13). Oral waarheen die sendelinge gereis het, het hulle gemeentes gevestig en ouderlinge gekies. En die beweging het al hoe meer heidene wat hulle tot God bekeer het, ingesluit. Die hele tyd het die spanning tussen ons toegeneem oor die situasie met die heidene, wat begin het met Petrus se

dopery van Kornélius.

Uiteindelik kon ons dit nie langer uitstel om tot 'n slotsom te kom nie, veral toe mense uit Jerusalem, Judea, in Antiogië aangekom en Paulus en Barnabas direk aangevat het oor hulle idee dat die Here ook "vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het" (Hand 14:27b).

Dit het daartoe gelei dat ons 'n vergadering in Jerusalem gehou het. Ek hoor julle het voortgegaan met die gewoonte om vergaderings te hou, blykbaar baie meer as ons. Wel, as dit die geval is, sal julle seker wil weet wat ons gedoen het met dié netelige konfliktsituasie.

Julle weet mos hoe dit met sulke situasies gaan. Uiteindelik is die saak van die besnydenis op die spits gedryf, terwyl dit eintlik gegaan het oor die vraag of ons 'n Joodse beweging sou bly en of ons heidene wat hulle tot God bekeer het, sou toelaat om deel van ons beweging te word. Die kampe was duidelik verdeel. Aan die een kant was daar die sendelinge, en aan die ander kant die bewaarders van die Joodse identiteit in Jerusalem.

Teen hierdie tyd was ek nie meer so bang vir konfrontasie nie. Ek het julle mos al 'n paar keer verhale hieroor vertel. Ons het al 'n vorige vergadering hieroor gehou, kort ná die doop van Kornélius, en by daardie vergadering is Petrus se optrede goedgekeur. Maar soos julle

weet, moet 'n mens soms maar meer as een keer 'n vergadering hou oor belangrike sake voordat almal tevrede is. Laat ek julle net eers gerusstel: Elke keer dat ons 'n baie sterk meningsverskil gehad het en daarin kon slaag om die saak uit te praat, was die uiteinde dat ons gegroei het in ons vermoë om Jesus se "mekaar"-opdragte uit te voer.

Ek hoop julle doen dit ook. Ek bedoel dat julle soms lekker openlik en eerlik van mekaar verskil. Dit is nie die konflikgesprekke wat ons seergemaak het nie, maar eerder die agterafpraatjies van sommige mense in Antiogië. Dit het ons seergemaak, want mense is daardeur verwar. Ons is nie spyt oor die konflik tussen ons nie; dit was vir ons geleenthede om te onderskei wat God se roeping vir ons regtig was.

Soos julle sekernou al agtergekrom het, het ons teruggegaan na die geskrifte van die profete en wat julle vandag die Ou Testament noem wanneer ons hierdie soort gesprekke moes voer. Wat julle egter nie moet miskyk nie, is dat ons eers vir die sendelinge Paulus en Barnabas 'n kans gegee het. Hulle het onbeskaamd getuienis gelewer oor die wonders en tekens.

Kom julle agter dat dit 'n gewoonte by ons geword het? Eers was daar die getuienis van die sendelinge, en dan het ons na die Skrifte gegaan om ons te help om

die verhale te interpreteer. Ons was oortuig dat die Here deur sy Gees gewerk het. Ons moes eenvoudig die verhale hoor om duidelikheid te kry oor waarheen God met ons op pad was. In julle taal kan 'n mens sê: Ons kon nie konstitueer sonder om éérs te luister na die verhale van dit wat God aan die doen was nie.

Ons kon ook nie die verhale verstaan sonder om wéér na die Skrifte te gaan nie. Dit is uit hierdie gesprek dat daar by ons 'n geloofskonsensus ontstaan het. Dit was Jakobus wat hierdie keer uit die profeet Amos aangehaal het. Dit was veral toe hy Amos 9:11 aanhaal, oor die heidene wat die Here sou soek en dat dit die Here is wat hulle geroep het om sy eiendom te wees, dat dit vir ons glashelder geword het dat dié dinge wat nou op die sendingveld gebeur die werking van die Heilige Gees is. Daarna was ons gereed om 'n besluit te neem.

Die volle betekenis van Petrus se visie op die dakstoep in Joppe het nou vir ons duidelik geword, en ons kon eenparig saam met die gemeente besluit om nie verder die las van die besnydenis op die mense uit die heidendom te plaas nie. So oortuig was ons en die gemeente dat ons verklaar het: "Die Heilige Gees en ons het besluit ..." (Hand 15:28).

Dit is my verhaal van hoe die Gees ons oortuig het om die deur vir die heidene wat hulle tot God bekeer het, soos julle, oop te maak. Ek is seker Hy sal julle vandag steeds lei om vir andere die deur van geloof oop te maak. Mag leerbaarheid, openheid, deernis en vertrouwe onder julle groei.

